

Kwaliteitsnuusbrief

JAARGANG 9 NO 1

Inhoudsopgawe

"LIFE IS TOUGH... BUT I'M TOUGHER!"

EVALUERING VAN BELYNDE PROGRAMME DUUR VOORT

DIE EENHEID VIR OOP AFSTANDSLEER IS GEWEEG ...

OORSIGTELIKE EVALUERINGS IN 2015

KURRIKULUMTRANSFORMASIE IS 'N MOEILIKE TAAK

Beste leser, Hierdie nuusbrief bied 'n vlugtige perspektief op die gehalteverskering van akademiese programme en ondersteuningsdepartemente by die NWU. Hiermee word gepoog om elkeen se verantwoordelikheid binne die konteks van akademiese en/ of ondersteuningsdienste te beklemtoon. Stuur asseblief enige navrae en kommentaar aan Tommy Pietersen (tommy.pietersen@nwu.ac.za)

"Life is tough... but I'm tougher!"

Die Institusionele Kwaliteitskantoor se vierde jaarlikse INDABA vir kollegas in die NWU se ondersteuningsdepartemente het op Vrydag 6 November 2015 op die Potchefstroomkampus plaasgevind.

Dr D ken haar storie

Die spreker vir hierdie geleentheid was die bekende kliniese en sosiale sielkundige, me Dorianne Weil ("Dr D"). Haar aanbieding het die einde van 'n besige jaar opgekikker en inspirasie vir 2016 verskaf.

Die Indaba was 'n groot sukses en te oordeel aan die terugvoer wat ontvang is, het die geleentheid 'n groot behoefte aangespreek. Almal kom voor uitdagings en probleme te staan, en dit is wonderlik om kollegas byderhand te hê, wat altyd bereid is om innoverende oplossings en hulp te bied. Dié suksesvolle Indaba het weereens die waarde van spanbougelyentede soos hierdie beklemtoon.

Lank lewe die INDABA!!

Evaluering van belynde programme duur voort

Die Kwaliteitskantoor het in 2015 voortgearbei aan die kwaliteitsversekering van belynde programme wat in 2014 met BEdHons: Leerderondersteuning weggespring het. Die volgende belynde programme is ook onder die vergrootglas geplaas:

BSc in Inligtingstegnologie

Die program **BSc in Inligtingstegnologie** is van 10 tot 12 Junie 2015 deur vier eweknie-paneellede geëvalueer. Die belynde program word op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus aangebied. Prof Rossouw von Solms van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (NMMU) was die voorsitter en prof Andre Basden van die Salford Universiteit in Brittanje het as internasionale kundige op die paneel gedien. Ander paneellede was prof Irwin Brown van die Universiteit van Kaapstad (UK) en mnr Louw Labuschagne van CS Interactive Training. Die paneel het beide kampusse besoek en positiewe terugvoer gegee. Die betrokke personeel

is gekomplimenter oor hul toewyding aan die studente en hul daadwerklike pogings om belyning oor die kampusse heen te verbeter. Die paneel het voorgestel dat daar 'n advieskomitee uit die bedryf saamgestel word om beide kampusse ten opsigte van, byvoorbeeld, die ontwerp van die program te adviseer.

BEdHons Kurrikulumstudies

Van 9 tot 12 November 2015 is die belynde program **BEdHons Kurrikulumstudies** deur die volgende paneellede geëvalueer: prof Lesley Le Grange (paneelvoorsitter: Universiteit van Stellenbosch), prof Geesje van den Berg, (Universiteit van Suid-Afrika), dr Thabo Msibi, (Universiteit van KwaZulu-Natal) en prof Hester Geyser, (Universiteit van Johannesburg). Die program word op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus aangebied en die paneel het beide kampusse besoek. Die paneel het bevind dat die twee kampusse se infrastruktuur baie goed is en het aanbeveel dat die modulesamestelling van die program en sekere van die inhoud herevalueer word.



Van links is prof Irwin Brown (UK), prof Rossouw von Solms (Paneelvoorsitter, NMMU), dr Sonja Gilliland (Vakvoorsitter: NWU), prof Andrew Basden (Salford Universiteit in Brittanje) en mnr Louw Labuschagne (CS Interactive Training).



Van links is prof Hester Geyser (UJ), dr Thabo Msibi (UKZN), prof Geesje van den Berg (Unisa) en prof Lesley Le Grange (Voorsitter, US).

Die Eenheid vir Oop Afstandsleer is geweeg ...

Hierdie groot eenheid het in Augustus 2015 'n omvattende eksterne evaluering ondergaan wat langer as 'n week geduur het. Alhoewel afstandsonderrigprogramme by die NWU in die verlede al baie geëvalueer is, het hierdie eenheid opnuut besluit om nóg 'n evaluering deur kundiges

vanoor die hele wêreld te ondergaan.

Die paneel het bestaan uit ses internasionale kenners en drie lede van Suid-Afrikaanse universiteite, naamlik:



Van links agter is **dr Steven Hutchinson** (Adjunkdekaan: Leer en Onderrig, Fakulteit Opvoedkunde en Taalstudies, Open University, Milton Keynes, VK), **mnr Seamus Fox** (Hoof: Oop Onderwys, Nasionale Instituut vir Digitale Leer, Dublin City University, Ierland), **dr Johan Hendrikz** (Bestuurder: Eenheid vir Afstandsonderrig, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria), **dr Piet Henderikx** (Voormalige Sekretarisgeneraal en Adviseur: Europese Vereniging vir Afstandsonderrig-Universiteite (EADTU)) (Voorsitter) en **dr Santiago Acosta-Aide** (Viserektor: Universidad Técnica Particular de Loja, Ecuador).

Van links voor: **prof Wendy Kilfoil** (Direkteur: Departement Onderwysinnovasie, Universiteit van Pretoria), **me Robyn Arnold** (Skriba), **prof Daniella Coetzee** (Prinsipaal: Suidkampus, Universiteit van die Vrystaat), **dr Jessica Aguti** (Onderwysspesialis: Onderwysersopleiding, Commonwealth of Learning) en **prof Walter Lumadi** (Voorsitter: Hoër grade, Kurrikulumstudies: UNISA).

Die fokus

Die paneel is gevra om op twee vrae te fokus:

1. Hoe effektief en doeltreffend is die EOAL se prosesse in die lewering van programme aan OAL-studente indien dit aan die gemelde evalueringskriteria gemeet word? en
2. Beskik die NWU oor 'n geskikte raamwerk om die aanbieding van OAL te ondersteun?

En die uitslag is...


'n Volledige verslag is deur hierdie kundiges saamgestel en die paneel het oor die algemeen bevind dat die EOAL in al sy afdelings 'n hoëkwaliteit-afleringsentrum is wat hul werk deurgaans op 'n uiters professionele vlak uitvoer.

... en swaargewigte met goeie insigte is hulle inderdaad!

Oorsigtelike evaluerings in 2015

Die volgende ses ondersteuningsdepartemente van die NWU het in 2015 oorsigtelike evaluerings (“soft reviews”) ondergaan:

1. Koshuise – VDK
2. Bemaking en Kommunikasie – VDK
3. Internasionalisering – IK en kampusse (gekombineerd)
4. Sentrum vir Voortgesette Professionele Ontwikkeling – VDK
5. Beskermingsdienste – MK
6. Kwaliteitskantoor – IK



Kurrikulumtransformasie is 'n moeilike taak

Daar is onlangs baie oor kurrikulumtransformasie in koerante en ander publikasies geskryf, en die onderwerp het selfs al debat ontlok.

In die lig hiervan moet die volgende, baie kort opmerkings bloot as buitelyne, wat beduidende inkleding vereis, beskou te word – veral wat betref die meer konkrete elemente van 'n "getransformeerde kurrikulum". Hierdie idees poog om enkele teoretiese oorwegings ten opsigte van die konsep te verskaf, en die praktiese aspekte word dus nie aangeraak nie.

Die NWU is in die finale stadium van goedkeuring van 'n nuwe onderrig-leer-strategie wat vereis dat die leerproses "transformerend" moet wees. Indien dit die doel is, impliseer dit dat die kurrikula só ontwerp of gestruktureer moet word dat transformerende leer in elke onderafdeling daarvan verweselik moet word.

Voordat enige ontwerp- of ontwikkelingsaktiwiteite kan begin plaasvind, moet die NWU eers die volgende beginsels in oorweging neem:

- Bevestig dat die hervorming van die kurrikulum deur 'n transformerende paradigma gedryf gaan word;
- Aanvaar as organiserende beginsel dat alle kurrikula transformierend en uitkoms-gefokus gaan wees;
- Ontwikkel kurrikulumhervormingsbeleide, -prosesse, -modelle en -riglyne, bv:
 - Individuele (kenmerkendheid, ens.)
 - Differensiasie (kultureel, dissiplinêr, programme, ens.)
 - Integrasie (tematies, modulêr, dissiplinêr, ens.)
 - Kontinuiteit (opeenvolgend, tematies, ens.)
 - Relevansie (onderwerp, sektor, konteks, ens.)
- Stel transformerende kurrikulumontwerpsbeginsels – soos betroubaarheid, betekenisvolheid, kontekstualisering, opeenvolging, belyning, en fokus op hoër orde kognitiewe prosesse – vas;
- Vestig transformerende leeromgewings;
- Neem transformerende-leer-praktisyns in diens of verskaf opleiding en (her)ontwerp kursusmateriaal wat transformerende leer bewerkstellig.

Hoewel sommige van bogenoemde aspekte reeds in plek mag wees, impliseer 'n verbintenis tot transformerende leer binne 'n onderrig-leer-strategie ook 'n verpligting om dit binne die universiteit se bestaande kurrikula te laat realiseer.

Hierdie enorme verantwoordelikheid rus op die skouers van fakulteite en ondersteuningseenhede (soos die Eenheid vir Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning) wat in hierdie verband moet leiding gee.